# Om te dien

## Markus 10:35-45

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel of vra mamma en pappa om jou daarmee te help as jy bietjie sukkel.

Kom ons kyk veral na vers 42-45 waar Jesus die volgende sê:

"[42]*Jesus roep hulle almal nader en sê: "Julle weet mos hoe dit onder die ander mense gaan. Hulle leiers sê wat hulle moet doen, en wat nie. Belangrike mense heers oor hulle.* [43-44]*Onder julle as Christene mag dit nie gebeur nie. As iemand onder julle belangrik wil wees, moet hy bereid wees om alles te doen wat die ander van hom vra. Hy moet die heeltyd reg staan om die ander te dien, of dit hom pas of nie.* [45]*Kyk na My. Ek, die Seun van die mens, het nie gekom sodat almal My moet bedien nie. Ek het gekom om ander te dien. Ek kom gee my lewe sodat mense God se kinders kan wees."*

*(dieBybel@dogters: Die ou en nuwe Testament in 'n taal wat kinders verstaan)*

Kom ons kyk nou wat dit beteken "om te dien" of om 'n "dienaar" te wees:

Wanneer ons die woord "dien" in 'n woordeboek gaan opsoek, kry ons onder andere die volgende betekenis: " verrig pligte of dienste vir 'n ander persoon of 'n organisasie". Met ander woorde is dit om te werk vir iemand of vir 'n plek. Vir ons beteken dit om byvoorbeeld te werk vir die kerk of om plekke, soos die CMR, te ondersteun of om ander mense te help.


### Hoe kan jy diensbaar wees?

Voltooi die volgende aktiwiteit om idees te kry:

# Kleur die prentjies in en pas dit by die regte beskrywing deur dit met 'n lyn te verbind.



Deel jou kos met 'n honger maatjie.




Help mamma of pappa in die tuin.

Help ouer mense met hul inkopies.





Sorg vir mense wat siek is.

Help 'n maatjie wat seergekry het.





Skenk kos en klere aan mense wat dit benodig.